2023 . Semester 1

# GETUIE/WITNESS

Amptelike nuusbrief van Getuienisaksie | Official newsletter of Witness Ministry




## 'N NUWE MANIER VAN OMGEE

Ek en Quinton Adams (the Shackbuilder) stop onlangs op 'n klein plattelandse dorpie om iets te koop om te eet. Ons is op pad na 'n informele nedersetting wat opgegradeer moet word. Toe Quinton terug by die motor kom, kan ek sien hy is geskok. Quinton het al baie gesien. Jy skok hom nie sommer nie.

"Hoe het ons hier gekom?" vra hy. "Hoe bedoel jy?" vra ek. "Daar voor die winkel, lê 'n dronk vrou. Albei haar oë is toegeslaan en 'n klein babatjie probeer wanhopig aan haar drink," sê hy. Die skool het pas uitgekom en die straat is propvol jong kinders...

> "Daar is reuse-uitdagings in ons land, maar terselfdertyd ook soveel eilande van hoop. Niemand van ons is die son nie, maar ons kan 'n stukkie van die Son laat weerkaats in 'n land wat smag na lig."

Daar is 'n veel groter krisis as die huidige krag-ramptoestand in Suid-Afrika. Dit is die groeiende armoede, hooploosheid en letsels wat trauma op ons kinders laat. Ons moet eenvoudig beter doen. Miljoene rande vloei deur geloofsgemeenskappe na die armoede-uitdagings van ons land. Maar is ons nie besig om net pleisters op baie diep wonde te plak nie?

Ons moet verstaan dat ons grootste probleem in die land nie geld is nie, maar dat ons almal, kerke, politici en medeburgers, te min van onsself vir mekaar gee. Ons sal meer van ons tyd en energie aan armoede moet bestee. So sal ons 'n veel beter kans hê om 'n verskil te maak, maar die kans is ook goed dat ons onsself dan ten goede sal verander.

Christus het immers nie uit die hemel alles met 'n vingerklap kom verander nie, maar tussen ons kom woon en ons kom wys hoe verandering kan kom.

Braam Hanekom braam@kaapkerk.co.za



# REDAKSIONEEL

## Ons kyk nuut na ons getuienistaak

Getuienisaksie het die afgelope jaar in opdrag van die moderamen herbesin oor ons getuienis- en evangelisasietaak in 'n nuwe era en seisoen. Dit het onder andere uitgeloop op die stigting van 'n taakspan vir evangelisasie en die vestiging van 'n evangelisasienetwerk.

In die proses het dit vir ons al duideliker geword dat evangelisasie en getuienis 'n veel meer omvattende taak is as wat ons dit tradisioneel verstaan het. Dit raak nie net die geestelike lewens van mense nie, maar ook baie direk die toekoms van ons land en ons jeug.

**Mag God opnuut met sy kerk op reis gaan en ook herlewing in hierdie dae in Suid-Afrika bring.**

# EDITORIAL

## Rethinking our witness task

In the past year, at the request of the moderamen, Witness Ministry has reevaluated its witnessing and evangelism tasks in light of the new era and season. As a result, a task team for evangelism and an evangelisation network, among other things, have been established.

Through this process, it became evident that the task of evangelism and witnessing is far more comprehensive than we previously believed. It not only affects people's spiritual lives but also impacts the future of our country and our youth.

**May God embark on a new journey with his church and bring revival to South Africa.**

Braam Hanekom: Publieke Getuienis/Public Witness

## Ons geloofsfamilie in Cravenby

Dis altyd 'n verrykende ervaring vir lidmate om saam na die Woord te luister en die Here te loof saam met ander lede van ons geloofsfamilie. So vertel ds. Chris Wheeler van NG Kerk Bellville-Vallei nadat hy onlangs sy finalejaar-katkisante geneem het om 'n erediens onder leiding van ds. Theo Francis van die Reformed Church in Africa Living Waters-gemeente in Cravenby by te woon.

"Vanuit 'n gesprek met een van ons gemeente se katkisante het ek agtergekom dat daar by ons jongmense soms 'n wanbegrip oor die woord 'aanbidding' is. Die opmerking is gemaak dat die NG Kerk die inligtingskerk is en dat mense na AGS kerke toe moet gaan om te 'praise and worship'. Daarom het ek besluit om verskeie geleenthede deur die jaar te gebruik om ons finalejaargroep bloot te stel aan verskillende aanbiddingstyle. Dit is ook goed vir hulle om te besef dat ons deel is van 'n veel groter en diverse familie van gelowiges."

Die warm ontvangs het vir die jongmense uitgestaan, veral nadat elke lidmaat die groep persoonlik met die hand kom groet het en hulleself voorgestel het voor die diens.



Die RCA, ons susterskerk wat die breër Indiërgemeenskap en ook ander bedien, is sedert 1991 saam met die NG Kerk Wes-Kaapland en die VGKSA Streeksinode Kaapland deel van die eenheidsbediening, Getuienisaksie.



"die Here het gaskommel
en die dice het verkeerd geval vi' ons
daai's maar al."

(geskryf deur Adam Small en getoonset deur Randall Wicomb)

# René se storie

It's Amazing is 'n nie-winsgewende organisasie wat uit Straatwerk ontstaan het en werk met gemeenskapsprogramme in Hanover Park, Cathkin, Heideveld, Bonteheuwel, Golden Gate en Gugulethu.

René Adams is deel van hierdie span wat mense se lewens verryk deur veilige en sorgsame omgewings te skep waarin hulle kan floreer. René was normaal gebore, maar met haar geboorte het die dice verkeerd geval. Die dokters het te laat besef dat sy geelsug het en dit het haar breinfunksie aangetas. Sy kon nie geskryf of gelees het nie, maar vandat sy betrokke is by It's Amazing skryf sy al woorde. With God, all things are possible, al dink mens die dice het verkeerd geval!



"Ek is René en ek het betrokke geraak by It's Amazing deur sis Lowena, een van my werk colleagues. Ek werk al agt jaar hier en ek hou daarvan om met die kinders te werk. Ek is 'n assistent in die Babbelbekkies-klas (3-5 jariges) en ek werk Dinsdag en Woensdag by die after-school Bible Kids Club. Ek het 'n sertifikaat van Reading en Writing Solutions ontvang en kan nou ook my sussie se laatlammetjie help met haar skoolwerk. Ek is lief vir almal by It's Amazing."

En almal by It's Amazing is lief vir René! Sy het ook 'n baie spesiale plekkie in die kinders se harte en sy gee die heel beste drukkies. Ons almal weet dat die Here nie witbroodjies het nie, maar René het definitief 'n baie spesiale plekkie in God se hart. Wanneer René bid, luister die Here.

Jesus is lief vir die 'differently abled' en Hy luister na hulle gebede. Daar is 'n spesiale plek binne die bediening van Straatwerk en It's Amazing vir mense wie se dice op 'n stadium in hulle lewe verkeerd geval het.

Lisa Truter lisa@itsamazing.org.za www.itsamazing.org.za

# JUST TO BE WITH THE PEOPLE

Eighteen students from Global Challenge Missions (Jeffreys Bay) recently visited URCSA Makhathini to serve the community by distributing ninety 'Buckets of Love'. They also had the privilege of staying with local families for four days – eating chilli “Imagwinya” (vetkoek), preparing “Imboya” themselves (pumpkin leaves boiled with crushed peanuts), and just spending time with the people - listening to each other’s stories under the tree for hours.

It can be difficult living with people from a completely different culture, especially when chickens invade your privacy in the early morning hours, as Nickolas half-irritatedly exclaimed: “I am going to butcher these chickens!"

Cayla, another teammate, states that the biggest challenge was to see past the barriers between the locals and themselves. "Smiling, singing, dancing and laughing have no language. Not knowing how to communicate most of the time was difficult, but God made every smile speak a thousand words.”

The students discovered that when they listen to and learn from each other, their actions have a meaningful impact on one another. In team member Verney's words: "We were so rushed when we arrived at the host's house that we missed the opportunity to serve while being. We need to be human beings and not human doings. Many times, I think of ministry as going somewhere - serving through building things and doing things for people. Meanwhile, just being with this family was ministry. Siyabonga!"







> **NOT KNOWING HOW TO COMMUNICATE WAS DIFFICULT, BUT GOD MADE EVERY SMILE SPEAK A THOUSAND WORDS.**

Louwrens van der Westhuizen weshuis7@gmail.com URCSA Makhathini, Northeast KZN

# CBS READJUSTS ITS STRATEGY TO FOCUS ON **YOUTH AND WOMEN**

Since 2022 Congregational Witness has made a few significant strategic decisions. One of these was to readjust our strategy regarding the roll-out of our Contextual Bible Study (CBS) project. We decided to shift and direct our focus to the Youth and Women Ministries of the 29 presbyteries of URCSA Cape. CBS is not only the flagship project of Congregational Witness but also a powerful method and tool to build leadership capacity on congregational level. It empowers members to tackle challenges faced by their communities from and with the guiding and practical principles of the Bible.

In URCSA Cape, we've learned that the ministries of the church are the key to getting things done and making an impact. If you really want to reach members on the ground/congregational level, especially in rural areas, work with and through the Women and Youth Ministries. And with this new strategy, we really hope to reach women and youth in rural areas and also empower and equip them with a method and tool to address their respective needs and challenges.





In October 2022, we launched our revised strategy with three workshops with youth leaders from our presbyteries in the Western and Eastern Cape. In addition, we had a group of leaders from the Eastern Cape region's Women's Ministry. These workshops were facilitated by Rev. Babalwa Sifuba (CBS Trainer for the Eastern Cape Presbyteries) and some of our URCSA Cape ministerial candidates whom we trained during 2022 as CBS facilitators.

According to feedback from some of our leaders who attended the workshops, the goals set out for the workshop were achieved. There is also excitement for what lies ahead. As a CWM representative of the Presbytery of Graaff-Reinet puts it: “I am so excited about what I’ve learned about contextual Bible reading. I can’t wait to tell my fellow church council and Christian Women’s Ministry members about this! Bible reading and application will never be the same for me."

**“The CBS workshop was very exciting and helpful, it equipped us how to use the Bible to heal the social challenges of our communities.”**

Thamsanqa Zifune

Stephen Pedro stephen@kaapkerk.co.za 067 770 5986



# WE CARE FOR THE WELL-BEING OF **MISSIONAL LEADERS**

Witness Ministry cares about the well-being of our leaders who lead and inspire congregations and communities to serve and witness in and from Africa. Our support programme for our URCSA Cape ministerial candidates (proponents) is one way of doing just that. We build their morale, involve them in further training, and subsidise their salaries for a period when they are called by struggling but faithful congregations.

- **Building morale**

We build their morale by having regular contact sessions and an annual retreat. The goal of this retreat is to encourage and assist the proponents with preparations for the ministry.

- **Training**

We train our ministerial candidates to assist with CBS facilitator training, and, with other ministers, to assist the Minister in Synodical Services (MSS), Rev. Stephen Pedro, with the accompaniment of congregations.

- **Proponents' Fund**

The purpose of the fund is to help put our proponents to work. We remind our "vacant" congregations about the fund continually, having workshops with presbyteries to explain how the fund works and encouraging them to start the conversation of becoming a sustainable missional congregation.

We hope to be able to help place at least three proponents in congregations this year.

# ONTMOET VIR LEONÉ

Vandat ek kan onthou, was daar nog altyd twee rigtings in die lewe wat tot my skrywershart gespreek het, maar dit sou my uiteindelik na twee uiterste eindbestemmings lei. Gedurende hierdie geloofsreis was ek dikwels verward, teleurgesteld en moedeloos oor waarom my lewe nie kon uitwerk soos ek dit destyds voor my oë sien afspeel het nie...

As kind, was my grootste wens om in God se koninkryk diensbaar te wees, maar as tiener het ek ‘n enorme passie vir die plaaslike vermaaklikheidsbedryf ontwikkel. Dié twee uiterste drome het dikwels met mekaar swaarde gekruis. Dis juis dan wanneer ek gefrustreerd besef het dat my wil, en die Here se wil, vir my lewe ongelukkig glad nie dieselfde is nie.

In ‘n poging om hierdie twee uiterste drome met mekaar te versoen, het ek in 2018 vir die pos van Kommunikasiebestuurder en in 2020 vir die pos van Kommunikasiebeampte by die NG Sinode van Wes-Kaapland aansoek gedoen.



In albei gevalle was dit onsuksesvol, maar ‘n maand later toe die pandemie Suid-Afrika tref, het ek verstaan waarom die Here dit nie op daardie stadium in my lewe kon toelaat nie.

Met my aansoek vir die pos van Administratiewe Beampte vir Gemeentegetuienis binne die Sinodale Diensgroep vir Getuienisaksie verlede jaar was my aansoek uiteindelik suksesvol. Wat 'n voorreg om in God se koninkryk diensbaar te wees met 'n wonderlike span mense by Getuienisaksie!

**Die getuienis wat my tot hier gebring het, is eenvoudig dat dit wat God vir jou lewe beplan het, en dit waarvoor Hy jou geroep het, soveel beter is as enigiets waarvan jy ooit kon droom.**

Leoné Prinsloo kga3@kaapkerk.co.za 076 330 1527



# LEEF MET WAAGMOED

By Isibindi streef ons daarna om 'n familie te wees vir jongmense in nood. Ons doen dit op verskeie maniere. Ons het huise waar ons saam met naskoolse jongmense (tussen 18 en 24) woon, 'n daaglikse nasorg vir kinders in Ysterplaat en deesdae ook 'n koshuis vir skoolgaande tieners.

In ons huise woon daar dan twee groepe mense. Die eerste groep is jongmense wat by ons aanklop omdat hulle geen ander heenkome het nie. Die tweede groep is jongmense wat geroep word om in 'community' te leef. Hierdie 'vreemde' mense kies om met hulle positiewe teenwoordigheid 'n verskil in ander se lewens te maak.

Hierdie jaar het ons 'n PR student van CPUT (wat gekies is om as huisma in ons koshuis te woon), 'n predikant van Ysterplaat, 'n chemiese ingenieur, 'n finansiële beplanner en 'n maatskaplike werker... Almal mense wat nou kies om saam met ander jongmense in gemeenskap te leef.

Hulle herinner ons gereeld dat ons in gemeenskap, anders as by 'charity', nie iets moet gee nie, maar iemand moet gee.



**"Iemand het vir my gevra waarvoor ek hoop en ek kon nie toe antwoord nie, maar nou weet ek: Ek hoop dat daar regoor die wêreld Isibindi's en Echo's sal wees, want almal moet 'n familie hê."**

Renchia Rhyn, huisma in ons koshuis vir tieners uit moeilike omstandighede



Die grootste geskenk wat ons vir die wêreld kan gee, is onsself. Dit is presies wat God gedoen het toe Hy sy seun vir ons gestuur het.

Isibindi beteken juis om braaf te wees – ons wil ons jongmense uit moeilike omstandighede aanmoedig om die lewe met waagmoed aan te pak, maar ons wil ook gemeentes en lidmate aanmoedig om God met hierdie waagmoed te volg.

Niel Steyn niel@isibindi.org.za www.isibindi.org.za




# 1,000 TREES IN MALAWI

Witness Ministry, in collaboration with our sister church in Malawi, the Church of Central Africa Presbyterian (CCAP)'s Nkhoma Synod, is supporting the planting of 1,000 Mahogany trees in Malawi. Rev. Dewald Hoffmann, the coordinator of our Ecology Task Team and prop. Noxolo Fihla, a member of our Green Team, were privileged to visit Malawi in February to support this project.

The project aims to plant trees in areas at risk of deforestation. So far, 600 trees have been planted in eight locations. The project specifically plants trees on or near CCAP congregations, with members, small groups, choirs and service groups each adopting a tree or two. The trees are therefore not just left to the elements but cared for by congregations.

"Our congregation has 900 members. Our dream is to plant one or two trees for every member. By doing it this way, every tree planted gets cared for and has a much greater chance of survival." - Rev. Chizinga (CCAP Mkuza)

Rev. Vasco Katchipapa (CCAP) says they motivate congregations by holding them accountable. "Planting a tree is one thing, but caring for it is another, and very critical. If a congregation is given thirty trees, we ask them to divide the trees into the number of wards they have. For example, if they have ten wards, each ward is responsible for three trees. On average, a ward has 30-60 people. So, we are saying that sixty people cannot fail to look after three trees! We are hopeful that the trees planted this year will survive because they will be taken care of by groups of people in our churches."



**"I am encouraged by my experiences in Malawi. When believers focus on addressing both physical and spiritual needs, God can do incredible things. It is then when we truly become light and salt for the earth."** – Rev. Dewald Hoffmann.

Dewald Hoffmann    ds.dewaldh@gmail.com

# Simcha, together as a family



"This is my family, Lord God. I thank you and love you from the bottom of my heart."

Mrs. K (86) has always longed for a family, her own being extremely broken and fragmented. Francois Wessels and Cecilia Burger had been witnessing to her for many years. She started attending the weekly Bible Study group even before she put faith in Jesus. In 2019, Mrs. K confessed her faith in Jesus as her Lord and Messiah, and she was baptised and received the Holy Spirit.

Our weekly meetings have become her family. Between six and ten of us meet weekly in a home for a Bible Study with elderly Jewish people.



The same group attends the Beit Ariel Messianic Congregation once a month for a Shabbat service and meal together. As a group, we recognise that we need to be making disciples for Jesus. As Jesus did, so will we. Making disciples is sharing our lives with one another. Eating together is an example of how Jesus made disciples. Our decision to get together once a month has been very fruitful! Our (and the people we disciple) growth and maturity are found in being knitted into the body of Christ and by being a spiritual family!



Mrs. K's words reminded me of Jesus himself: "These are my brothers and sisters, those who do the will of my Father."

Contact Simcha Ministries if you would like to receive their newsletter, donate to the ministry or meet with them.

Jeanie de Wet simchaministry@gmail.com 072 408 6458





# OP BESOEK AAN ONS SUSTERSKERK IN MALAWI

"Wat 'n voorreg om in 'n heel ander konteks die woorde van Filippense 2:2 te kon beLEEF as ons lees: Maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe." So vertel Scherlize van der Merwe, predikant van die NG Kerk Ysterplaat.

Sy was in Maart op besoek aan ons susterskerk in Malawi, die CCAP Nkhoma Sinode saam met oud-sendeling, AnnaMarie de Klerk, NG Kerk Argief-bestuurder, Andrew Kok en Getuienisaksie se taakspanbestuurder Ekumeniese Vennootskappe in Afrika, Daniël de Wet. Die doel van hul besoek was om 'n paar geskiedkundige gemeentes en sendingstasies te besoek, asook om ekumeniese bande met ons susterskerk se leierskap te versterk.

Scherlize vertel: "'n Hoogtepunt was ons besoek aan die CCAP Msalura-gemeente in Salima naby die Malawi-meer op Sondag 26 Maart waar dr. Katani die predikant is.

Dr. Katani het voorgestel dat ons deelneem aan die erediens en selfs dat ek help met die doop-geleentheid waar twintig babas tydens die erediens gedoop moes word. Wat dit ekstra spesiaal gemaak het, is die feit dat die CCAP in Malawi nog nie vrouepredikante toelaat nie, en hier staan ek, volledig geklee in 'n CCAP vroue-uitrusting en doop. Dr. Katani se vrou het seker gemaak dat ek die regte uitrusting aangehad het. Die name van die dopelinge is op 'n wit papiertjie neergeskryf en om die beurt aan my, Daniël en dr. Katani oorhandig. Daar was geen Powerpoint met foto's, doopkoeke of dooprokke nie – jy kom nes jy is. Dit het my diep geraak.

"Dit was baie spesiaal om te kon deelneem aan 'n erediens wat soveel anders en groter is as hoe ons dit hier in die NG Kerk in Suid-Afrika ken. Daar was ongeveer 1,000 mense in die erediens. Ek het net weer eens besef hoe die kerk soveel groter is as onsself; dat dit waarlik gaan oor één liggaam, één God en sy koninkryk.



"Ek het daardie name op die wit papiertjies in my sak gesteek en sal dit bewaar met die wete en gebed dat God 'n plan met elkeen van hulle se lewens het – op die naam geroep! En wie weet, miskien loop ek eendag een van hulle raak."

Daniël de Wet | missio@kaapkerk.co.za | 082 068 7795

# DIE HOOP BESKAAM NIE

Op De Hoop, buite Oudtshoorn, is die klein nedersetting genaamd Hoopvol te vinde. Bokant die handjievol plakkershutte toring die bruin historiese De Hoop-kerkgebou uit wat sedert 1909 sterk staan.

Hierdie pragtige kerk se deure staan al vir jare toe. Daar is nie 'n enkele lidmaat nie. Maar in plaas daarvan om die kerkgebou te verkoop, wil die Hoop en Versoening Trust hiermee die kerk se getuienis onder die armstes van armes uitleef en wys dat die kerk 'n antwoord kan en wil bied op die sosiaal-maatskaplike uitdagings van ons land. HVT is by die De Hoop behuisingsprojek saam met Quinton Adams (the Shackbuilder) betrokke omdat hulle graag 'n baken van hoop in 'n hopelose landskap wil vestig. Die kerkgebou is immers nie 'n teken van hoop vir die inwoners nie. Hulle bevraagteken alles, ook hoekom die kerk hulle nou wil help.

Die span het in die week van 3-6 April vir drie gesinne nuwe hutte gebou. Ander gesinne se hutte is geverf en algehele herstelwerk is aan hulle mure en dakke gedoen.





# REKINDLING THE SPIRIT OF EVANGELISM

The state of evangelism reflects, to a large extent, the condition of the church. In particular, our current understanding of believers, discipleship, and the living relationship members have with Jesus Christ. We are convinced that members' passion for evangelism will only be ignited if there is a deep personal relationship with Jesus Christ himself.

The church has overemphasised the role of the pastor, commissions and structures, and thus failed to focus on the role of the laity.

Nicky Gumbel of Alpha UK says that the way Christians evangelise has really changed over the years. People have realised that it is ineffective to ambush strangers in the streets and immediately ask them if they know where they would go if they died today. In order to successfully talk about the Lord with someone else, a relationship must first be built.

As the developer of the well-known Alpha course, Nicky aims to introduce the basic beliefs and principles of the Christian faith through a series of talks and discussions. Each session starts with a meal, followed by a talk and discussion in small groups.

If evangelism is not a passion for leadership, it will not become a priority for the laity.

021 957 7202 spg@kaapkerk.co.za

OP-EN-WAKKER SPAN VAN

# ARBEIDSBEDIENING



**"My name is Andreas Julie and I have worked at Transnet Engineering Wheel Business Saldanha for 17 years now. So, when I started working at this company, I was influenced by these prayer sessions every month. These sessions help me and my co-workers a lot – mentally, and spiritually. It helps us throughout our working days."**

Pastoor Joseph Philander is die geestelike werker van Arbeidsbediening aan die Weskus in Vredenburg wat deur vier vrywilligers bygestaan word. Hulle is Tilana Steyn, Landa Bester, Reynier Noland en Kobus van Schalkwyk. Hierdie op-en-wakker span bedien in totaal 'n verstommende 28 Transnet-departemente en 22 nywerheidsbedieningspunte een keer per maand! Daarvan word die provinsiale hospitaal en polisie een keer per week besoek.

Volgens pastoor Philander het dit maar swaar gegaan met die bediening tydens die pandemie; baie mense het hul werk verloor, vele besighede het tot stilstand gekom en dit alles het 'n groot effek op die dorp se ekonomie gehad. Intussen het besighede weer momentum begin optel en Arbeidsbediening kon ook weer op dreef kom met hul bediening. "Die besoeke bestaan uit 'n kort 10-minute Skrifbediening en bemoedigingsboodskap en geleentheid daarna vir individue wat verdere geestelike gesprekke wil voer en hulp nodig het," vertel pastoor Philander.

Dalk wil jy as vrywilliger aansluit by hierdie kosbare bediening in jou dorp? Of nog beter – dalk wil jy so iets begin? Kontak dan vir dr. Eddie Orsmond by eddieo@sun.ac.za vir meer inligting.

MAAK 'N

# BYDRAE

## Getuie/Witness

Saam geroep tot diens en getuienis in en vanuit Afrika.

Getuienisaksie . Witness Ministry
(+27) 21 957 7204
Pastoriestraat 11, Maturia Sentrum, Bellville, 7530

**www.getuienis.christians.co.za**

## Bankbesonderhede

NG Kerk in SA (Getuienis)
Nedbank
Takkode: 198 765
Rekeningnommer: 1135 900 280
Verwysing: Voorletters + Van